(ii) Die verslag moet vergesel gaan van 'n kennisgewing wat wesenlik bewoord is soos vorm 33B van Aanhangsel 1.

(iii) Indien die verkoping gekanselleer word, moet die balju die vonnisskuldenaar van die kansellasië verwittig.

(b) Enige verliese gely vanweë die koper se versuim kan op aansoek van 'n benadeelde skuldeiser in paragraaf (14)(c) bedoel, van die koper verhaal word kragtens vonnis van 'n regter wat op grond van 'n skriftelike verslag van genoemde balju gegee word nadat die koper skriftelik in kennis gestel is dat die verslag vir die genoemde doel voor 'n regter gelê sal word.

(c) As die koper reeds in besit van die onroerende goed is, kan genoemde balju met kennisgewing aan geraakte persone by 'n regter 'n uitsettingsbevel kry teen die koper of teen iemand wat voorgee die goed deur die koper te okkupeer of die goed andersins okkupeer.

(12) Behoudens die bepalings van reël 43A en subreël (5) hiervan—

(a) geskied die verkoping op die voorwaardes ingevolge subreël (8) bepaal; en

(b) word die onroerende goed aan die hoogste bieder verkoop.

(13) (a) Alle gelde ten opsigte van die koopprijs van die onroerende eiendom in uitwinning verkoop, word aan die balju betaal en die balju hou daardie gelde in die balju se trustrekening totdat transport aan die koper gegee is.

(b) Die balju wat die verkoping hou gee transport aan die koper teen betaling van die koopsom en vervulling van die verkoopsvoorwaardes. Hy kan vir daardie doel al die nodige doen en enigiets aldus deur hom of haar gedaan is ewe geldig asof hy of sy die eienaar was.

(c) Geen bedrag van die koopprijs word uitbetaal totdat aan die bepalings van subreël (14) voldoen is nie.

(14) (a) Na die afsluiting van die verkoping, maar voor voorbereiding deur die balju van 'n distribusieplan, moet die vonnisskuldeiser of sy of haar prokureur die balju voorsien van 'n sertifikaat van alle geld deur die vonnisskuldenaar of sy of haar prokureur betaal na die uitreiking van die lasbrief vir eksekusie.

(b) (i) Binne 10 dae na die registrasiedatum van die transport, moet die balju 'n distribusieplan van die opbrengs voorberei hê in rangorde van voorkeur, en moet 'n eksemplaar van daardie plan aan die griffier en aan al die ander balju's in daardie distrik aangestel, stuur.

- (ii) Onmiddellik daarna moet die genoemde balju kennis gee aan alle partye wat lasbriewe ingedien het en aan die vonnisskuldenaar dat die distribusieplan vir insae by sy of haar kantoor en die kantoor van die griffier sal lê vir 15 dae vanaf 'n genoemde datum en tensy sodanige partye hul instemming tot die plan skriftelik aandui, sal daardie plan aldus vir insae lê.
- (c) Na aftrekking van uitwinningskoste word die opbrengs in die volgende rangorde van voorkeur verdeel:
- (i) Eise van preferente skuldeisers in die volgorde van hul geregtelike voorkeur; en daarna
- (ii) Eise van ander skuldeisers wie se lasbriewe by die balju ingedien is, in die rangorde van voorkeur soos vasgelê in artikels 96, en 98A tot en met 103 van die Insolvensiewet, 1936 (Wet No. 24 van 1936).
- (d) 'n Belanghebbende persoon wat teen so 'n plan beswaar het—
- (i) moet voor die verstryking van die tydperk in paragraaf (b)(ii) bedoel, skriftelik aan die balju en alle ander belanghebbende persone skriftelik kennis gee van die besonderhede van die beswaar; en
- (ii) binne 10 dae na die verstryking van die tydperk in paragraaf (b)(ii) bedoel, sodanige beswaar voor 'n landdros bring vir hersiening met 10 dae kennisgewing aan die balju en die genoemde persone.
- (e) Die landdros wat die hersiening doen, moet die geskilpunt aanhoor en beslis en hy kan die distribusieplan wysig of bekragtig of na goeë dunks 'n bevel gee, ook betreffende koste.
- (f) Indien—
- (i) geen beswaar teen so 'n plan ingedien word nie; of
- (ii) die belanghebbende partye te kenne gee dat hulle daarmee saamstem; of
- (iii) die plan by hersiening bekragtig of gewysig word, moet die balju na voorlegging van 'n sertifikaat van die aktebesorger dat transport aan die koper gegee is, uitbetaal ooreenkomstig die distribusieplan.
- (15) Nóg 'n balju nóg iemand namens die balju koop by enige verkoping in eksekusie hetsy vir sigself of vir enige ander persoon enige onroerende goed wat te koop aangebied word.

Wysiging van reël 67 van die Reëls

4. Reël 67 van die Reëls word hierby in Afrikaans vertaal, met die jongste wysigings ingesluit:

67. Strafappèlle

(1) (a) 'n Appellant, anders as 'n persoon wat mondeling aansoek doen om toestemming om te appelleer onmiddellik nadat die vonnis of bevel gegee is soos in artikel 309B(3)(b) van die Strafproseswet, 1977, bedoel, wat om toestemming om te appelleer wil aansoek doen ingevolge artikel 309B(1) van daardie Wet, moet dit skriftelik doen by die griffier of klerk van die hof en moet ook 'n afskrif van die aansoek stuur aan die betrokke direkteur van openbare vervolging, of, in 'n geval waar die vervolging nie van staatsweë was nie, aan die betrokke aanklaer.

(b) 'n Appellant wat om kondonering wil aansoek doen soos in artikel 309B(1)(b)(ii) van die Strafproseswet, 1977, bedoel, of 'n appellant wat wil aansoek doen om toestemming om verdere getuienis aan te bied soos in artikel 309B(5)(a) van daardie Wet bedoel, moet dit skriftelik by die griffier of klerk van die hof doen en moet ook 'n afskrif van die aansoek na die direkteur van openbare vervolgings stuur, of, in 'n geval waar die vervolging nie van Staatsweë, aan die betrokke aanklaer.

(2) (a) Waar 'n aansoek om verlof tot appèl skriftelik gedoen word, moet kennis ingevolge artikel 309B(2)(b) van die Strafproseswet deur die griffier of klerk van die hof gegee word ten minste 10 dae voor die datum wat vir die aanhoor van die versoek om verlof om te appelleer vasgestel is, tensy die appellant of sy of haar regsverteenvoordiger en die direkteur van openbare vervolgings of enige persoon deur hom of haar in 'n saak aangewys waarvan die vervolging nie van Staatsweë is nie, die ander betrokke aanklaer op 'n korter tydperk ooreengekom het, en moet wesenlik dieselfde bewoord wees as Vorm 57 van Aanhangsel 1.

(b) Die kennisgewing in paragraaf (a) bedoel—

(i) moet aan die appellant of sy of haar regsverteenvoordiger en die direkteur van openbare vervolgings of 'n persoon deur hom of haar aangewys of ander betrokke aanklaer oorhandig word en bewys van ontvangs van sodanige kennisgewing moet op 'n afskrif van die kennisgewing aangedui word, wat deur die griffier of klerk van die hof gehou moet word.; of

(ii) moet per elektroniese middele gestuur word en indien dit nie moontlik is nie, per geregistreerde pos.

(3) (a) 'n Regsverteenvoordiger wat namens 'n appellant verskyn, moet gelyktydig met die indiening van die aansoek om verlof om te appelleer, 'n volmag indien waarin hy of sy gemagtig word om namens die appellant op te tree, of as 'n regsverteenvoordiger in diens geneem word nadat 'n aansoek om verlof om te appelleer ingedien is, na sodanige aanstelling.

(b) 'n Appellant moet in die aansoek om verlof om te appelleer in subreël (1) bedoel, 'n posadres verstrek waar enige kennisgewing per geregistreerde pos aan hom of haar beteken kan word as hy of sy nie regsverteenvoordiging het nie of as hy of sy nie langer regsverteenvoordiging het nie.

(4) Indien die appellant weens ongeletterdheid of fisieke gebrek, nie 'n aansoek om verlof om te appelleer of kennisgewing van appèl kan uitskryf nie, moet die klerk van die hof dit op sy of haar versoek doen.

(5) Wanneer 'n aansoek om verlof tot appèl goedgekeur word, moet die griffier of klerk van die hof 'n afskrif van die oorkonde van die saak voorberei, insluitend 'n transkripsie daarvan indien dit opgeneem is ooreenkomstig die bepalings van reël 66(1), en sodanige afskrif voor die regterlike beampte plaas wat binne 15 dae daarna 'n verklaring aan die griffier of klerk van die hof moet verstrek waarin—

- (a) die feite wat hy of sy bevind dit bewys te wees;
- (b) sy of haar redes vir enige feitebevinding wat in die appellant se verklaring van gronde vir appèl gespesifiseer is; en
- (c) sy of haar redes vir enige bevinding oor enige regspraak of oor die toelating of verworping van getuienis aldus gespesifiseer as teen geappelleer, uiteengesit word.

(5A) (a) (i) 'n Persoon in die eerste bepaling van artikel 309(1)(a) van die Strafproseswet, 1977, beoog, wat teen sy of haar skuldigbevinding of vonnis of bevel wil appelleer, moet dit skriftelik doen aan die griffier of klerk van die hof binne 10 dae sedert die oplegging van die vonnis of bevel na die skuldigbevinding en moet ook 'n eksemplaar van sodanige kennisgewing van appèl aan die betrokke direkteur van openbare vervolgings of in 'n saak waarin die vervolging van Staatsweë is, aan die betrokke aanklaer, beteken.

(ii) Indien die appèl om enige rede van die rol deurgehaal of verwyder word, sal die appèl weer op die rol geplaas word binne 10 dae sedert die datum van sodanige deuring of verwydering, versuim om daaraan te voldoen sal lei tot die verstryking van die appèl.

(b) Die kennisgewing van appèl in paragraaf (a) beoog, moet die gronde waarop sodanige persoon wil appèl aanteken, duidelik en spesifiek uiteensit.

(c) Die bepalings van subreëls (3) tot (8) en (14) en (15) is verder van toepassing met enige veranderinge deur die samehang vereis.

(6) Die griffier of klerk van die hof moet by ontvangs van die regterlike beampte se verklaring in subreël (5) beoog, die appellant onverwyld inlig dat die verklaring verstrek is.

(7) Binne 15 dae nadat die appellant ingevolge subreël (6) ingelig is, kan hy of sy by kennisgewing aan die griffier of klerk van die hof, sy of haar verklaring van gronde van appèl by kennisgewing aan die griffier of klerk van die hof wysig en die regterlike beampte kan, na sy of haar goeddunke, binne 10 dae daarna, 'n verdere of gewysigde verklaring van sy of haar feitebevindinge en redes vir uitspraak aan die griffier of klerk van die hof verstrek.

(8) Wanneer 'n appèl aangeteken word in 'n saak waarin die vervolging nie van Staatsweë, moet enige gewysigde verklaring waarvoor in subreël (7) voorsiening gemaak word, deur die appellant ook aan die aanklaer beteken word.

(9) 'n Direkteur van openbare vervolgings of ander aanklaer wat kragtens artikel 310 van die Strafproseswet, 1977, wil appèl aanteken teen die afwys van 'n dagvaarding of aanklag moet, binne 20 dae na sodanige afwysing, 'n kennis van appèl aflewer.

(10) By die aantekening van 'n appèl soos in subreël (9) bepaal, moet die griffier of klerk van die hof 'n afskrif van die oorkonde van die saak, met inbegrip van 'n transkripsie daarvan as dit ooreenkomstig die bepalings van reël 66(1) aangeteken is, en dan die rekord voor die regsbeampte plaas wat binne 15 dae daarna 'n skriftelike verklaring van sy of haar redes vir die afwys van die dagvaarding of aanklag, aan die griffier of klerk van die hof moet verstrek.

(11) 'n Direkteur van openbare vervolgings of ander aanklaer wat 'n appèl kragtens artikel 310 van die Strafproseswet, 1977, oorweeg, moet binne 20 dae na die afhandeling van die strafverrigtinge, 'n skriftelike versoek aan die regterlike beampte rig om 'n saak te stel.

(12) (a) By ontvangs van die versoek in subreël (11) bedoel, moet die griffier of klerk van die hof 'n afskrif van die oorkonde van die saak voorberei, met inbegrip van 'n transkripsie daarvan indien dit ooreenkomstig die bepalings van reël 66(1) opgeneem is, en dan die oorkonde voor die regterlike beampte plaas wat binne 15 dae daarna 'n gestelde saak aan die griffier of klerk van die hof moet voorlê, wat 'n afskrif daarvan aan die direkteur van openbare vervolgings, of ander aanklaer, na gelang van die geval, sal oordra.

(b) Die gestelde saak in paragraaf (a) beoog, moet in paragrawe verdeel wees en opeenvolgend genommer is en wat in die volgende volgorde georden wees:

- (i) Die regterlike beampte se feitebevindings vir sover dit wesentlik is tot die regsvrae waarop 'n beslissing ten gunste van die appellant gegee is;
- (ii) regsvrae; en
- (iii) die regterlike beampte se besluit oor sodanige vrae en sy of haar redes daarvoor.

(13) Die direkteur van openbare vervolgings of ander aanklaer kan, binne 15 dae na ontvangs deur hom of haar van die gestelde saak, kennis van appèl teen die beslissing oor die regsvrae, aflewer.

(14) Elke kennisgewing van appèl, verklarings van gronde vir appèl, regterlike beampte se verklaring en gestelde saak wat in die rekord ingedien is of aan die griffier of klerk van die hof verstrek is kragtens hierdie reël, word deel van die oorkonde.

(15) (a) Die griffier of klerk van die hof moet binne 10 dae na ontvangs deur hom of haar van die verklaring in subreël (7) of (10) bedoel of van die kennisgewing van appèl afgelewer ingevolge subreël (13), na gelang van die geval, aan die griffier van die appèlhof

die oorkonde van die strafverrigtinge of die gemelde saak, saam met drie eksemplare daarvan, oordra.

(b) Wanneer die vervolging van staatsweë is, moet hy of sy ook een sodanige eksemplaar aan die direkteur van openbare vervolgings oordra: Met dien verstande dat indien die appellant nie sy of haar verklaring of gronde vir appèl soos in subreël (7) bedoel, gewysig het nie, moet die griffier of klerk van die hof ook die oorkonde sonder oponthoud oordra nadat die tydperk wat vir 'n wysiging van verklaring van gronde vir appèl toegelaat word, verstryk het.

Wysiging van Aanghangsel 1 tot die Reëls

5. Vorms 2B en 2C van Aanghangsel 1 tot die Reëls is in die Aanghangsel hierby in Afrikaans vertaal, met die jongste wysigings ingesluit.

6. Wysiging van Aanghangsel 2 tot die reëls

Aanghangsel 2 tot die reëls word hierby gewysig—

(a) deur Tabela A en C onderskeidelik deur die volgende Tabela te vervang:

"TABEL A KOSTE

DEEL I ALGEMENE BEPALINGS

1. Wanneer die bedrag in geskil minder as of gelyk aan R7 000 is, word koste op Skaal A getakseer, wanneer die bedrag in geskil meer as R7 000 is, maar minder of gelyk aan R50 000, word koste op Skaal B getakseer; wanneer die bedrag in geskil R50 000 oorskry, maar minder as of gelyk is aan die maksimum jurisdiksiebedrag van tyd tot tyd deur die Minister ten opsigte van landdroshowe vir distrikte vasgestel, word koste op Skaal C getakseer; wanneer die bedrag in geskil die maksimum jurisdiksiebedrag aldus deur die Minister bepaal ten opsigte van landdroshowe vir distrikte oorskry en die prosesstuk word uit 'n landdroshof vir 'n streeksafdeling uitgereik of wanneer die aangeleentheid handel oor 'n skuldoorsaak ingevolge artikel 29(1B)(a) van die Wet, word die koste op Skaal D getakseer.

2. (a) Vir die doeleindes van berekening van koste, beteken die uitdrukking 'bedrag in geskil', waar koste aan die eiser toegeken word, die bedrag of waarde van die vonnis en 'bedrag of waarde van die vonnis' beteken, waar meer as een eis in die aksie betrokke is, die totaal van die bedrae in die vonnis betrokke. Waar koste aan die verweerder toegestaan word, beteken die uitdrukking 'bedrag in geskil', waar meer as een eis in die aksie betrokke is, die totaal van die bedrae van al die eise. Die bedrag of waarde van die vonnis of eis sluit rente in

maar sluit koste uit. Indien 'n aangeleentheid te eniger tyd geskik word, word koste getakseer op die skaal in die skikking voorgeskryf.

- (b) Waar die bedrag in geskil nie uit verrigtinge ooglopend is nie en—
- (i) die aangeleentheid word in die landdroshof vir 'n distrik ingestel, word die koste op Skaal C bereken; of
 - (ii) die aangeleentheid word in die streekhof vir 'n streeksafdeling ingestel, word die koste op Skaal D bereken,

tensy die hof anders gelas.

3. Koste takseerbaar ingevolge reël 33(19) word geag kragtens 'n vonnis vir die bedrag aangebied of 'n vonnis ingevolge die skikking, na gelang van die geval, toegestaan te wees.

4. Eise vir uitsetting word bereken teen twee maande huur van die perseel.

5. Die koers waarteen koste bereken word, word nie verhoog weens enige eis vir bevestiging van enige interdik of tussentydse bevel nie.

6. Gelde vir advokate word by taksasie toegeken slegs in gevalle wat onder skaal B, C of D val of waar die hof 'n bevel ingevolge reël 33(8) gegee het.

7. Waar die bedrag wat vir 'n item toegelaat word gespesifiseer is, sluit die bedrag alle nodige bywonings en betekenings (behalwe betekenings deur die balju vir die Landdroshof) in verband daarmee in, behalwe dat 'n heffing van **[R30,00]** R33,00 per dokument toegelaat sal word vir die indiening van dokumente by die hof.

8. Waar die bedrag vir 'n item toegelaat oningevul gelaat word—

- (a) word die opstel van dokumente (nie pleitstukke nie) toegelaat teen **[R30,00]** R33,00 vir elke folio;
- (b) afskrifte vir liassering, betekening en 'n prokureur se afskrif om te hou word ook toegelaat;
- (c) **[R30,00]** R33,00 word toegelaat vir elke nodige betekening;
- (d) **[R30,00]** R33,00 per dokument word toegelaat vir die nodige indiening van dokumente by die hof.

9. (a) Waar enige dokument vir die hof blyk onnodig omslagtig te wees, kan die hof die geheel of enige deel van die gelde daarvoor weier.

(b) Waar gedrukte vorms van dokumente waarvan afskrifte gemaak moet word, beskikbaar is, word die gelde vir afskrifte beperk tot die nodige besonderhede in daardie gedrukte vorms ingevoeg.

10. (a) 'n Folio bestaan uit 100 skriftelike of gedrukte woorde of syfers of deel daarvan.

(b) Vier syfers word as een woord gereken.

11. (a) Tensy anders bepaal, word 'n heffing vir sorgvuldige deurlesing toegelaat teen **[R11,50]** R12,50 per folio ten opsigte van enige dokument of pleitstuk wat noodsaaklikerwys sorgvuldig deurgelees is.

(b) Vir die nodige afskrifte, met inbegrip van fotostate, van enige dokument of stukke waarvoor nie reeds in hierdie tarief voorsiening gemaak word nie, per A4-grootte folio **[R4,50]** R5,00.

12. Waar daar meer as een verweerder is, word **[R19,00]** R21,00 bygevoeg ten opsigte van elke bykomende verweerder vir elk van items 2 en 3 van Deel I en items 2 en 7 van Deel III.

13. Waar die vonnisskuld ingevolge die vonnis of 'n ooreenkoms in paaierente betaalbaar is, word 10% op elke paaierement ingevorder ter delging van die kapitaal, koste en rente, toegeken, behoudens 'n maksimum van **[R459,00]** R499,00 op elke paaierement. Geen bykomende geld word gehef vir enige bywoning in verband met die ontvangs of betaling van enige paaierement nie.

14. Die klerk of griffier van die hof keur by taksasie enige heffing wat onnodig aangegaan is, af.

15. Waar die gelde kragtens enige item op grond van tyd bereken word, word die totale tyd op enige een dag spandeer bereken en die gelde vir daardie dag word op daardie totaal bereken.

16. Enige bedrag noodsaaklikerwys en werklik in die opspoor van die skuldenaar uitgegee, word benewens die gelde in hierdie tarief uiteengesit, toegeken.

17. Item 10A en 14A van Deel III in die tarief tot Tabel A is ook van toepassing op Deel IV van die tarief by Tabel A.

18. Gelde aan advokate bedoel in artikel 34(2)(a)(i) van die Regspraktykwet, 2014 (Wet No. 28 van 2014), word op taksasie slegs vir items 21 tot 26 van Deel IV toegelaat.

DEEL II ONVERDEDIGDE AKSIES

	R
Item 1 Geregistreerde aanskrywe ingevolge artikel 56 van die Wet	
(a) Eis of eise waar die totaal van die eis of eise nie die maksimum juridiksiebedrag van tyd tot tyd ten opsigte van landdroshowe vir distrikte deur die Minister vasgestel, oorskry nie en die prosesstuk is uit 'n landdroshof vir 'n streeksafdeling uitgereik.	[R45,00] <u>R49,00</u>
(b) Eis of eise waar die totaal van die eis of eise die maksimum juridiksiebedrag van tyd tot tyd ten opsigte van landdroshowe vir distrikte deur die Minister vasgestel, oorskry	[R61,00] <u>R67,00</u>
Item 2 Dagvaarding, met inbegrip van 'n aanskrywing buiten die aanskrywing in item 1 bedoel:	
(a) Eis of eise waar die totale bedrag van die eise nie R7 000,00 oorskry nie	[R151,50] <u>R165,00</u>
(b) Eis of eise waar die totale bedrag van die eis of eise R7 000,00 oorskry, maar nie R50 000 oorskry nie	[R502,50] <u>R547,00</u>

(c) Eis of eise waar die totale bedrag van die eis of eise R50 000 oorskry, maar nie die maksimum jurisdiksiebedrag van tyd tot tyd ten opsigte van landdroshowe vir distrikte deur die Minister vasgestel, oorskry nie	[R743,00] R808,00
(d) Eis of eise waar die totaal van die eis of eise die maksimum jurisdiksiebedrag van tyd tot tyd ten opsigte van landdroshowe vir distrikte deur die Minister vasgestel, oorskry en die prosesstuk uit 'n landdroshof vir 'n streeksafdeling uitgereik word of wanneer die aangeleentheid ten opsigte van 'n skuldoorsaak ingevolge artikel 29(1B)(a) van die Wet is	[R969,50] R1055,00
Item 3 Vonnis:	
(a) Eis of eise waar die totaal van die eis of eise nie die bedrag in 2(a) oorskry nie	[R151,50] R165,00
(b) Eis of eise waar die totaal van die eis of eise die bedrag in 2(b) oorskry, maar nie meer as R50 000 is nie	[R383,50] R418,00
(c) Eis of eise waar die totaal van die eis of eise R50 000 oorskry, maar nie die maksimum jurisdiksiebedrag van tyd tot tyd ten opsigte van landdroshowe vir distrikte deur die Minister vasgestel, oorskry nie	[R627,00] R682,00
(d) Eis of eise waar die totaal van die eis of eise die maksimum jurisdiksiebedrag van tyd tot tyd ten opsigte van landdroshowe vir distrikte deur die Minister vasgestel, oorskry en die prosesstuk word uit 'n landdroshof vir 'n streeksafdeling uitgereik of waar die aangeleentheid handel oor 'n skuldoorsaak ingevolge artikel 29(1B)(a) van die Wet	[R815,00] R886,00
Item 4 Kennisgewing ingevolge reël 12(2)	
(a) Eis of eise waar die totaal van die eis of eise nie die maksimum jurisdiksiebedrag van tyd tot tyd ten opsigte van landdroshowe vir distrikte deur die Minister vasgestel, oorskry nie	[R71,50] R78,00
(b) Eis of eise waar die totaal van die eis of eise die maksimum jurisdiksiebedrag van tyd tot ten opsigte van landdroshowe vir distrikte deur die Minister vasgestel, oorskry en die prosesstuk word uit 'n landdroshof vir 'n streeksafdeling uitgereik of wanneer die aangeleentheid handel oor 'n skuldoorsaak ingevolge artikel 29(1B)(a) van die Wet	[R93,00] R101,00
Item 5 Kennisgewing ingevolge reël 54(1)	
(a) Eis of eise waar die totaal van die eis of eise nie die maksimum jurisdiksiebedrag van tyd tot tyd ten opsigte van landdroshowe vir distrikte deur die Minister vasgestel, oorskry nie	[R71,50] R78,50
(b) Eis of eise waar die totaal van die eis of eise die maksimum jurisdiksiebedrag van tyd tot ten opsigte van landdroshowe vir distrikte deur die minister vasgestel, oorskry en die prosesstuk word uit 'n landdroshof vir 'n streeksafdeling uitgereik	[R93,00] R101,00
Item 6 Beëdigde verklaring of sertifikaat	
Item 7 – Bywoning van hof op versoek van die landdros wanneer eis na die hof soos verwys word vir vonnis of om voorlopige vonnis te kry wanneer die eis onverdedig is	toegelaat kragtens item 15 op

	die tarief vir verdedigde aksies.
Item 8 Vir elke geregistreerde brief wat ingevolge artikel 57(1) of (3) of artikel 58(2) van die Wet deur die krediteur of sy of haar prokureur, met inbegrip van afskrifte, aan die skuldenaar gestuur word	
(a) Eis of eise waar die totaal van die eis of eise nie die maksimum jurisdiksiebedrag van tyd tot tyd ten opsigte van landdroshowe vir distrikte deur die Minister vasgestel, oorskry nie.	[R46,50] R51,00
(b) Eis of eise waar die totaal van die eis of eise die maksimum jurisdiksiebedrag van tyd tot ten opsigte van landdroshowe vir distrikte deur die minister vasgestel, oorskry en die prosesstuk word uit 'n landdroshof vir 'n streeksafdeling uitgereik	[R62,50] R68,00
Item 9 Skulderkenning en onderneming om skuld in paaiemente of andersins te betaal (artikel 57 van die Wet)	
(a) Eis of eise waar die totaal van die eis of eise nie die maksimum jurisdiksiebedrag van tyd tot tyd ten opsigte van landdroshowe vir distrikte deur die Minister vasgestel, oorskry nie	[R121,50] R132,50
(b) Eis of eise waar die totaal van die eis of eise die maksimum jurisdiksiebedrag van tyd tot ten opsigte van landdroshowe vir distrikte deur die minister vasgestel, oorskry en die prosesstuk word uit 'n landdroshof vir 'n streeksafdeling uitgereik	[R157,00] R170,00

Item 10 Instemming tot vonnis of tot vonnis en 'n bevel vir die betaling van vonnisskuld in paaiemente (artikel 58 van die Wet)	
(a) Eis of eise waar die totaal van die eis of eise nie die maksimum jurisdiksiebedrag van tyd tot tyd ten opsigte van landdroshowe vir distrikte deur die Minister vasgestel, oorskry nie	[R121,50] R132,00
(b) Eis of eise waar die totaal van die eis of eise die maksimum jurisdiksiebedrag van tyd tot ten opsigte van landdroshowe vir distrikte deur die Minister vasgestel, oorskry en die prosesstuk word uit 'n landdroshof vir 'n streeksafdeling uitgereik	[R157,00] R170,00

Let wel: Die bedrag van gelde toelaatbaar kragtens items 4, 5, 6, 7, 8, 9 en 10 word sonder taksasie ingesluit in die bedrag van die koste waarvoor die vonnis ingedien word

DEEL III VERDEDIGDE AKSIES (EN TUSSENPLEITVERRIGTINGE)

Item	Tarief A R	Tarief B R	Tarief C R	Tarief D R
1. Instruksies om te dagvaar of verdedig of van teeneis of van verdediging van	[R606,00] R659,00	[R804,50] R875,00	[R968,50] R1095,00	[R1258,00] R1369,00

teeneis, bestudering van alle dokumentasie en meriete en alle nodige konsultasies om dagvaarding uit te reik				
2. Dagvaarding	[R304,50]	[R423,00]	[R506,50]	[R656,00]
2A. Besonderhede van eis of deklarasie	R331,50	R460,00	R551,00	R713,00
	[R304,50]	[R423,00]	[R506,50]	[R656,00]
	R331,50	R460,00	R551,00	R713,00
3. Bywoning	[R50,50]	[R50,50]	[R63,00]	[R81,00]
	R55,00	R55,00	R69,00	R89,00
4. Kennisgewing kragtens reëls 12(2) en 21B(2)	[R50,50]	[R50,50]	[R63,00]	[R81,00]
	R55,00	R55,00	R69,00	R89,00
5. Pleit	[R304,50]	[R423,00]	[R506,50]	[R656,00]
	R331,50	R460,00	R551,00	R713,00
6. Eis in rekonvensie	[R304,50]	[R423,00]	[R506,50]	[R656,00]
	R331,50	R460,00	R551,00	R713,00
7. Antwoord, indien nodig	[R304,50]	[R423,00]	[R506,50]	[R656,00]
	R331,50	R460,00	R551,00	R713,00
8. Opstel van alle dokumente wat nie spesifiek genoem word nie, met inbegrip van versoek vir verdere besonderhede, bylae van dokumente, alle beëdigde verklarings, dagvaardings, enige kennisgewing waarvoor nie andersins voorsiening gemaak is nie en opstel van verklarings deur getuies		-	-	-
9. Produksie van dokumente vir inspeksie, of inspeksie van dokumente, per kwartier of per gedeelte daarvan van die tyd wat spandeer is	[R180,50]	[R180,50]	[R226,50]	[R292,00]
	R196,00	R196,00	R246,00	R318,00
10. ...				
10A. Paginerings en indeksering van pleitstukke per kwartier of gedeelte daarvan:	[R121,00]	[R121,00]	[R147,50]	[R191,00]
	R132,00	R132,00	R161,50	R208,00
11. Die afneem van verklarings deur getuies, per kwartier of gedeelte daarvan	[R180,50]	[R180,50]	[R226,50]	[R292,00]
	R196,00	R196,00	R246,00	R318,00
12. Kennisgewing van verhoor of herinstelling	[R50,50]	[R50,50]	[R63,00]	[R81,00]
	R55,00	R55,00	R69,00	R89,00
13. Voorbereiding vir verhoor (indien 'n advokaat nie gebruik word nie)	[R1007,00]	[R1370,00]	[R1643,00]	[R2136,00]
	R1095,00	R1490,00	R1788,00	R2323,00

14. Bywoning by skikkingsonderhandelinge, vir elke kwartier of gedeelte daarvan werklik in sodanige onderhandelinge deurgebring	[R180,50] R196,00	[R180,50] R196,00	[R226,50] R246,00	[R292,00] R318,00
14A. Opstel van betooghooftede per kwartier of gedeelte daarvan:	[R180,50] R196,00	[R180,50] R196,00	[R226,50] R246,00	[R292,00] R318,00
15. Bywoning van hof tydens verhoor, of by 'n uitstel of ondersoek by kommissie, vir elke kwartier of deel daarvan in die hof deurgebring terwyl die saak werklik aangehoor word-				
(a) indien 'n advokaat nie aangestel is nie	[R180,50] R196,50	[R180,50] R196,50	[R226,50] R246,00	[R292,00] R318,00
(b) indien 'n advokaat aangestel is	Nul	[R71,50] R78,00	[R88,00] R96,00	[R113,00] R123,00
16. Bywoning van voorverhoorkonferensie, vir elke kwartier of deel daarvan wat werklik in daardie konferensie deurgebring is	[R180,50] R196,00	[R180,50] R196,00	[R226,50] R246,00	[R292,00] R318,00
17. Bywoning van hof om gereserveerde vonnis of gedeelte daarvan aan te hoor	[R37,00] R40,00	[R37,00] R40,00	[R44,50] R49,00	[R57,50] R63,00
18. Korrespondensie—				
(a) vir elke nodige brief of telegram, per folio	[R28,50] R31,00	[R28,50] R31,00	[R37,00] R40,00	[R46,50] R50,00
(b) vir elke brief of telegram ontvang, met dien verstande dat gelde vir bestudering nie toegelaat word saam met die gelde hierin voor voorsiening gemaak nie	[R19,50] R21,50	[R28,50] R31,00	[R37,00] R40,00	[R46,50] R50,00
19. Bywonings: Vir elke nodige bywoning waarvoor nie andersins voorsiening gemaak is nie, per bywoning	[R19,50] R21,50	[R28,50] R31,00	[R37,00] R40,00	[R46,50] R50,00
20. Nodige formele telefoonoproep, per oproep	[R19,50] R21,50	[R28,50] R31,00	[R37,00] R40,00	[R46,50] R50,00
21. Telefoonkonsultasies: Vir elke 5 minute of deel daarvan, behoudens 'n maksimum tarief per konsultasie van [R174,50] R190,00 vir Tariewe A tot C en [R225,50] R246,00 vir Skaal D	[R50,50] R55,00	[R50,50] R55,00	[R63,00] R69,00	[R81,00] R89,00
22. Elke nodige konsultasie, per kwartier of gedeelte daarvan	[R180,50] R196,00	[R180,50] R196,00	[R226,50] R246,00	[R292,00] R318,00

23. Die hof kan, op versoek by die verhoor gedoen, saam met die gelde in item 13 hierbo voorgeskryf, hernuwingsgelde in uitgestelde of gedeeltelik aangehoorde verhore, toeken	[R627,00] R682,00	[R887,00] R965,00	[R1063,00] R1157,00	[R1381,00] R1503,00
24. Tyd by die hof gewag (omdat hof nie beskikbaar is nie) per kwartier of deel daarvan	[R121,00] R132,00	R121,00 R132,00	[R147,50] R161,00	[R191,00] R208,00
25. Reistyd [onderworpe aan die bepaling van reël 33(9)] per kwartier of deel daarvan	[R121,00] R132,00	[R121,00] R132,00	[R147,50] R161,00	[R191,00] R208,00
26. Bestaans- en reisuittgawes soos in reël 33(9) gestel	Die werklike redelike bestaans- en reisuittgawes soos in reël 33(9) gestel			

DEEL IV ANDER AANGELEENTHEDE

Eksepsies, aansoeke om deurhaling, aansoeke om summiere vonnis, verskyning om voorlopige vonnis te verkry wanneer eis verdedig word, tussenaansoeke, arres, interdik, aansoeke kragtens reël 27(9), aansoeke om vonnis, bevel of taksasie te hersien, aansoeke om likwidasië van beslote korporasies en aansoeke ingevolge artikel 65J van die Wet, aansoeke kragtens reël 58 en enige ander aansoeke.

ITEM	Tarief A R	Tarief B R	Tarief C R	Tarief D R
1. (a) Instruksies om aansoek te doen of om te verdedig of om gronde aan te voer (die hof kan op versoek 'n hoër bedrag toelaat)	[R152,00] R165,00	[R304,50] R331,00	[R361,50] R394,00	[R470,00] R512,00
(b) Instruksies om aansoek te doen om likwidasië van beslote korporasie, bestudering van alle dokumentasie en oorweging van meriete, en alle nodige konsultasies	[R743,00] R808,00	[R743,00] R808,00	[R890,50] R969,00	[R1158,00] R1260,00
2. Opstel van alle dokumente, beëdigde-verklarings en kennisgewings, bevele, ens.				
3. Bywoning van hof by verhoor:				
(a) Indien onverdedig of verdedig (indien advokaat nie aangestel is nie), vir elke kwartier of deel daarvan werklik in die hof deurgebring	[R180,50] R196,00	[R180,50] R196,00	[R226,50] R246,00	[R292,00] R318,00
(b) Indien verdedig (indien advokaat aangestel is), vir elke kwartier werklik in die hof deurgebring of deel daarvan	Nul	[R71,50] R78,00	[R88,50] R96,00	[R113,00] R123,00

4. (a) Gelde vir voorbereiding vir betoog wanneer verdedig	[R627,00] <u>R682,00</u>	[R739,00] <u>R804,00</u>	[R890,50] <u>R969,00</u>	[R1158,00] <u>R1260,00</u>
(b) Gelde vir voorbereiding vir verhoor waar verrigtinge na verhoor verwys word of mondelinge getuienis	[R627,00] <u>R682,00</u>	[R739,00] <u>R804,00</u>	[R890,50] <u>R969,00</u>	[R1158,00] <u>R1260,00</u>
5 Konsultasies en skikkingsonderhandelinge – wanneer verdedig, per kwartier of deel daarvan	[R180,50] <u>R196,00</u>	[R180,50] <u>R196,00</u>	[R226,50] <u>R246,00</u>	[R292,00] <u>R318,00</u>

ITEM	Tarief
TAKSASIE VAN KOSTE In verband met 'n kosterekening vir dienste deur 'n prokureur gelewer, het die prokureur die reg om te hef:	R
6. Vir opstel van die kosterekening, maak van die nodige afskrifte en bywoning van skikking, 11 persent van die prokureursgelde, hetsy soos in die rekening gehef, indien nie getakseer nie, of soos by taksasie toegestaan	
7. Benewens die gelde kragtens item 6 gehef, indien van taksasie gebruik gemaak word, vir reëling en bywoning van taksasie, en vir verkryging van toestemming vir taksasie, 11 persent op die eerste R10 000,00 of gedeelte daarvan, 6 persent op die volgende R10 000,00 of gedeelte daarvan en 3 persent op die balans van die totale bedrag van die rekening	
8. Bywoning by hersiening van taksasie, vir elke kwartier of deel daarvan in die hof terwyl hersiening werklik aangehoor word	[R180,00] <u>R196,00</u>
9. Kennisgewing van aansoek om hersiening van taksasie en betekening	-
10. Beëdigde verklaring, waar nodig	-

UITWINNING	
11. (a) Uitreiking van 'n uitwinningslasbrief, uitsettingslasbrief, en lasbrief vir lewering van besit	[R121,50] <u>R132,00</u>
(b) Vir elke heruitreiking daarvan	[R50,50] <u>R55,00</u>
12. Insluitend gelde vir werk gedoen in verband met vrystelling van inbeslaggenome onroerende eiendom	[R151,50] <u>R165,00</u>

13. Insluitend gelde vir werk gedoen in verband met uitwinningsverkoop van slegs onroerende goed (uitsluitend werk ten opsigte waarvan gelde reeds elders voor voorsiening gemaak word en die opstel van die verkoopsvoorwaardes)	[R384,00] R418,00
14. (a) Opstel van verkopingskennisgewing ingevolge reël 41(8) of reël 43[(6)-(7)(b)(i), of verkoopsvoorwaardes ingevolge reël 43[(7) (8)(a)(i)]	-
(b) Vir alle ander werk gedoen en papiere en dokumente aan die balju van die landdroshof voorsien in verband met 'n uitwinningsverkoop van roerende goed, 'n allesinsluitende bedrag van	[R262,00] R285,00
15. Sekerheidstelling vir herstel, waar nodig	[R99,50] R109,50

WAAR ADVOKAAT AANGESTEL IS

16. Instruksies vir eksepsie of aansoek, waar toegelaat	
(a) Eis of eise waar die totaal van die eis of eise nie die maksimum juridiksiebedrag van tyd tot tyd ten opsigte van landdroshowe vir distrikte deur die Minister vasgestel, oorskry nie	[R180,50] R196,00
(b) Eis of eise waar die totaal van die eis of eise die maksimum juridiksiebedrag van tyd tot tyd ten opsigte van landdroshowe vir distrikte deur die Minister vasgestel, oorskry en die prosesstuk word uit 'n landdroshof vir 'n streeksafdeling uitgereik	[R234,50] R255,00
17. Instruksies vir verhoor	
(a) Eis of eise waar die totaal van die eis of eise nie die maksimum juridiksiebedrag van tyd tot tyd ten opsigte van landdroshowe vir distrikte deur die Minister vasgestel, oorskry nie	[R230,50] R251,00
(b) Eis of eise waar die totaal van die eis of eise die maksimum juridiksiebedrag van tyd tot tyd ten opsigte van landdroshowe vir distrikte deur die Minister vasgestel, oorskry en die prosesstuk word uit 'n landdroshof vir 'n streeksafdeling uitgereik	[R290,00] R315,00
18. Opstel van opdrag by eksepsie of aansoek, waar toegelaat	-
19. Opstel van opdrag vir verhoor	-
20. Bywoning van nodige konsultasie met advokaat, per kwartier of deel daarvan	
(a) Eis of eise waar die totaal van die eis of eise nie die maksimum juridiksiebedrag van tyd tot tyd ten opsigte van landdroshowe vir distrikte deur die Minister vasgestel, oorskry nie	[R75,00] R82,00
(b) Eis of eise waar die totaal van die eis of eise die maksimum juridiksiebedrag van tyd tot tyd ten opsigte van landdroshowe vir distrikte deur die Minister vasgestel, oorskry en die prosesstuk word uit 'n landdroshof vir 'n streeksafdeling uitgereik	[R94,00] R103,00

GELDE VIR ADVOKATE	
21. Met opdrag om eksepsie of aansoek te betoog	[R887,00] <u>R964,00</u>
Let wel:	
22. Met verhooropdrag vir die eerste dag, hoogstens	[R2514,50] <u>R2736,00</u>
23. In enige hof meer as 30 km van die naaste dorp waar 'n provinsiale of plaaslike afdeling (behalwe 'n rondgaande hof) van die Hooggeregshof gesetel is, gehou, 'n reistoelae (benewens die opdraggeld) wat by spesiale bevel deur die hof toegelaat kan word, teen	[R6,00] <u>R6,50</u> per km
24. Elke nodige konsultasie, per kwartier	[R180,50] <u>R196,00</u>
25. Vir elke dag meer as een waarop getuienis aangehoor of betooghoofde aangehoor word, 'n verfrisser van hoogstens	[R1511,50] <u>R1644,00</u>
26. Opstel van pleitstukke	[R404,50] <u>R441,00</u>

<i>Notas:</i>
(a) Omtrent items 22 en 25, 'n bedrag in plek van die bedrag vir die eerste dag se verhoor, word soos volg toegelaat wanneer die saak op of voor die verhoordatum deur enige party geskik of teruggetrek word:
(i) hoogstens twee dae voor die verhoordatum: Die gelde andersins toelaatbaar by taksasie vir die eerste dag se verhoor;
(ii) minstens drie dae en hoogstens sewe dae voor die verhoordatum: Twee derdes van die gelde kragtens (i); en
(iii) minstens agt dae en hoogstens 21 dae voor die verhoordatum: Helfte van die geld kragtens (i).
(b) Die hof kan op versoek hoër gelde vir 'n advokaat ten opsigte van items 22, 24, 25 en 26 toeken.
(c) 'n Bedrag vir reistyd deur advokaat word toegelaat teen dieselfde tarief as vir prokureurs kragtens reël 33(9).

DIVERSE	
27. Verkry gesertifiseerde afskrif van vonnis	[R91,00] R99,00
28. Verkry betaling ingevolge reël 18(4)	[R63,00] R69,00
29. Versoek vir sekerheidstelling ingevolge reël 62(1)	-
30. Voorsien sekerheidstelling ingevolge reël 62(1)	-

**TABEL B
KOSTE
DEEL I**

**ALGEMENE BEPALINGS TEN OPSIGTE VAN VERRIGTINGE INGEVOLGE ARTIKELS
65 EN 65a TOT 65M VAN DIE WET**

1. Behoudens die bepalings van paragraaf 3, word geen gelde behalwe dié in die Tarief by hierdie Deel toegelaat nie.
2. Behoudens die bepalings van artikel 65K van die Wet, is die gelde uiteengesit in items (a), (b) of (c) van die Tarief by hierdie Deel, na gelang van die geval, betaalbaar vir die opstel van die kennisgewing in artikel 65A(1) bedoel, met inbegrip van verskyning by die ondersoek na die vonnisskuldenaar se finansiële posisie in artikel 65D bedoel, of enige verskyning by daaropvolgende opskortings-, wysigings- of opheffingsverrigtinge, en kan, met uitsondering van die gelde kragtens item (m) van die tarief toegelaat, slegs een keer gehef word vir die opstel, uitreiking en alle heruitreikings van die kennisgewing en alle uitstelle van die ondersoek, ongeag die getal dae waarop die verrigtinge in die hof aangehoor word: Met dien verstande dat waar die skuldenaar die regsgebied van die hof verlaat nadat die kennisgewing in artikel 65A(1) bedoel, uitgereik is en die kennisgewing in enige ander distrik heruitgereik word, kan die voormelde gelde ook in die ander distrik gehef word indien die hof dit gelas.
3. Die volgende word toegelaat benewens die gelde in die Tarief tot hierdie Deel uiteengesit:
 - (a) Alle nodige uitbetalings in verband met die verrigtinge aangegaan.
 - (b) 'n Bedrag van 10% op elke paalement ter delging van die kapitaal en koste van die aksie, onderworpe aan 'n maksimum bedrag van [R459,00] R499,00 op elke paalement. Waar die bedrag in paalemente betaalbaar is, is die insamelingsgelde slegs verhaalbaar by betaling van elke paalement. Sodanige gelde is ter vervanging van en nie bykomstig tot die insamelingsgelde in paragraaf 13 van Deel 1 van Tabel A voorgeskryf nie.
 - (c) Alle nodige uitbetalings gedoen in verband met enige vorige vrugtelose verrigtinge kragtens artikel 72, as die hof aldus beveel het.
 - (d) Enige bedrag noodsaaklikerwys en werklik uitbetaal in die opspoor van die vonnisskuldenaar, waar die kapitaalbedrag van die skuld nie minder was nie as [R502,00] R546,00 toe die opsporingsagent in diens geneem is. Die totale bedrag wat werk elke opsporing toegeken word mag nie meer as [R383,50] R417,00 wees nie. ,

4. Vir die doeleindes van die Tarief tot hierdie Deel, is die bedrag van die eis, behoudens die bepalings van paragraaf 3(d), die totaal van die kapitaalbedrag en koste uitstaande op die datum van die eerste instelling van verrigtinge kragtens artikel 65A(1) van die Wet.

5. Items 1 tot 5 van Deel IV van Tabel A van Aangangsel 2 is van toepassing ingevolge artikel 65J van die Wet.

TARIEF		
		R
(a)	Waar die eis nie meer as die bedrag van R1 000,00 is nie	[R253,00] R276,00
(b)	Waar die eis meer is as R1 000,00, maar nie meer as R2 000,00 is nie	[R383,50] R417,00
(c)	Waar die eis meer as R2 000,00 is	[R452,00] R492,00
(d)	Lasbrief vir arres (Vorm 40A)	[R99,50] R109,00
(e)	<input type="checkbox"/> (i) Besoldigingsbeslagbevel (Vorm 38)	[R202,00] R218,00
	<input type="checkbox"/> (ii) Heruitreiking (Sertifikate ingesluit)	[R161,00] R175,00
(f)	Aansoek om koste by kennisgewing (met inbegrip van verskyning voor hof)	[R99,50] R109,00
(g)	Verkryging van gesertifiseerde afskrif van 'n vonnis	[R99,50] R109,00
(h)	Beëdigde verklaring of sertifikaat deur die vonnisskuldeiser of sy of haar prokureur	[R71,00] R77,00
(i)	Vir elke geregistreerde brief aangestuur aan die skuldenaar ingevolge artikels 65A(2), 65E(6) of 65J(2) van die Wet deur die krediteur of sy of haar prokureur	[R46,00] R50,00
(j)	Beëdigde verklaring of bevestiging deur skuldenaar [Reël 45(7)]	[R121,00] R131,00
(k)	Versoek om 'n bevel kragtens artikel 65 van die Wet	[R71,00] R77,00
(l)	Bywoning van uitgestelde verrigtinge ingevolge artikel 65E(3) van die Wet of bywoning van verrigtinge by die of in navolging van die inhegtenisneming van 'n vonnisskuldenaar, direkteur of beampte in navolging van 'n kennisgewing in 65A(8)(b) bedoel	[R99,50] R109,00

(m)	Dagvaarding:	
	(i) Opstel van dagvaarding, per folio	[R28,50] R31,00
	(ii) Elke nodige bywoning, per bywoning	[R19,00] R21,00
